



27 November 2020

## ALGEMENE NUUSBRIEF

### 1. FINALE RAPPORTE

Finale rapporte sal op **15 Desember om 8:00-10:00** aan leerders uitgegee word. Geen punte sal voor dié tyd aan leerders bekendgemaak word nie. Leerders kan slegs hul eie rapporte kom afhaal. Ten einde jou rapport dadelik te ontvang, maak asb. seker dat al jou handboeke ingehandig is. As handboeke uitstaande is, gaan ons vra dat jy dit gou gaan haal om in te gee.

### 2. SKOOLGELD (2020 + 2021)

Ons doen 'n beroep op ouers om hul skoolgelde vir die jaar 2020 so gou as moontlik af te handel. Baie dankie aan ouers wat dit wel getrou doen. Die bankbesonderhede is soos volg:

ABSA

Tjekrekening Rekening-nr: 090390120

Takkode: 632005

Die skoolgeld vir 2021 is op 26 November, tydens die amptelike ouervergadering vasgestel. Die skoolgeldstruktuur is vir **elf gelyke paaielemente van R1670.00 per maand**.

Kostestruktuur vir meer as een kind:

1	1ste Kind : R18 370 : JAN – NOV: R1 670 vir 11 maande
2	2de Kind : R17 270 : JAN – NOV: R1 570 vir 11 maande
3	3de Kind : R16 170 : JAN – NOV: R1 470 vir 11 maande

### 3. GRAAD 8 2021

Die Departementele aanlynstelsel verskaf steeds baie onsekerhede. Ons vra dus vir ouers wat steeds nie vanaf die stelsel 'n SMS vir plek in die skool ontvang het nie, maar beslis in 2021 na Die Hoërskool Wonderboom toe gaan kom, om me. Brits te kontak by [admin@wonnies.co.za](mailto:admin@wonnies.co.za), sodat ons u kind se plek in die rooster vir 2021 kan verseker.



### 4. VAKVERANDERING: GR10- EN 11-LEERDERS

Graad 10: Leerders wat tans in Graad 10 is en vakke vir Graad 11 (2021) wil verander, kan die nodige vorms by me. Strydom kry. Dit moet voor 30 November ingehandig wees.

Graad 11: Graad 11-leerders kan met spesiale toestemming aansoek doen om EEN vak vir graad 12 te verander. Die Departement het egter duidelik gestel dat swak prestasie nie as rede vir vakverandering aanvaar sal word nie. Daarom is daar verskeie motiveringsbriewe wat hierdie aansoek moet vergesel. Dié vorms kan ook by me. Strydom afgehaal word en moet voor 30 November ingehandig word.

## 5. AFWESIG TYDENS EKSAMEN

Leerders wat afwesig was tydens die eksamen, en 'n wettige doktersbrief ingehandig het, moet onthou om self met die betrokke vak se personeellid kom reël rakende 'n sieketoets. Indien geen toets geskryf word nie, sal die leerder 'n 0-punt ontvang.



## 6. JAARBLAD

Hierdie jaar word die jaarblad digitaal vrygestel. Dit is gratis beskikbaar aan al die leerders. Instruksies sal binnekort gestuur word. Dit word met FC-Yearbook, wat op Playstore (Android) en Appstore (iOS) beskikbaar is, afgelaai. Leerders kan solank die toepassing (app) op hul fone aflaai. Elkeen gaan later 'n kode kry om haar of sy jaarblad af te laai.

## 6. JAARBLAD

Die dansakademie maak weens verskeie navrae 'n jaarkalender van die foto's wat hul in die afgebrande Gasvryheidstudie-klas geneem het. Die winste van hierdie projek gaan ten bate van die voedingskema van die skool asook die borg van bome vir die Heleen Roots Foundation.

Betalings vir dié kalender kan via EFT of op die "D6-app" gemaak word. Die kostes beloop R100.00 per kalender. Gebruik asb. tydens u betaling, die betrokke leerder se familiekode en die afkorting "DK" as verwysing. Indien u nie 'n kind in die skool het nie, gebruik u naam plus die afkorting "DK" as verwysing. Leerders wat in die skool is, sal hul kalenders op 15 Desember, saam met hul rapporte, ontvang.



Winnie-groete

A handwritten signature in black ink, appearing to read 'M. Lezar'.

M LEZAR  
SKOOLHOOF